Leefstyl

Die wyn. Die vrou. Die lied.

Met Christo Snyman, Johan Rademan en wynmaker Beyers Truter van Beyerskloof
Gradering: Geen o/18
Datum en tyd: Vr 28 Jun 18:00; Sa 29 Jun 12:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Seunskoshuis
Tydsduur: 90 min
Prys: R152

Hierdie vers, sang en wynproe-produksie is geïnspireer deur Hennie Aucamp se eerste vollengte literêre kabaret *Met Permissie gesê.* Radiopersoonlikheid Johan Rademan gaan gesels en gedigte van die groot meesters voordra, terwyl Christo Snyman met sang en kitaar die hartsnare gaan roer. Tussendeur gaan Beyers Truter vertel van heerlike Beyerskloofwyne soos Chenin, Pinotage reserve en Traildust wat almal verbou word op die Beyerskloof landgoed. Tussendeur die aksie gaan feesgangers van hierdie heerlike wyne proe.

Verwag dat die mooiste verse, pragtige sang en trots Suid-Afrikaanse wyn jou gaan bekoor, oorrompel en jou hart gaan verwarm.

Verse van Opperman, Van Wyk Louw en Boerneef (met ’n moderne verrassing of twee), gaan jou vervul met nostalgie, terwyl die liefde, oorlog, kommunikasie, alleenheid en afskeid as temas deurvloei na bekende ballades van geliefde Suid-Afrikaanse sangers soos Koos du Plessis, Anton Goosen, David Kramer en die Broers se eie juwele. Saam met die staaltjies van mnr. Pinotage en die heerlike wyne van Beyerskloof, is die tafel beslis gedek vir ’n ongelooflike sensoriese ervaring.

ClemenGold Gin-proe

Met ClemenGold jenewer-spesialiste en kunstenaars Natascha C en Henry-John Williams
Datum en tyd: Wo 26 Jun 13:00; Do 27 Jun 13:00; Vr 28 Jun 13:00; Sa 29 Jun 13:00
Plek: Nelspruit Laerskool Kultuursentrum
Gradering: Volwassenes
Tydsduur: 60 minute
Prys: R62
Geborg deur ClemenGold.

Gin is deesdae op die tippie van almal tonge en boonop met ’n onverwagse geurige kinkel of twee daarby!
Kom proe saam aan die heerlike ClemenGold Gin en beleef die sonryp geur van Clemengold sitrus in dié gin wat deur Hope on Hopkins Distilleerdery in Kaapstad tot ’n gin vir fynproewers gedistilleer word. ’n Heerlike interaktiewe gin-proe-geleentheid!

“De heerlijkste dingen in het leven maken je vet, dronken of zwanger, en dat is toen waar de problemen begonnen”. Die gin-proeëry word afgewissel met *De heerlijkste dingen in het leven* deur die Laeveldse kunstenaars Natascha C en Henry-John Williams. Natascha C sing buiten haar eie lirieke ook dié van onder andere Herman Van Veen en Edith Piaf, met Henry-John as begeleier.

Breek ’n bietjie weg van die roesemoes, en word gin-wys!

ClemenGold Boerdery-toer
Met megaboere Abraham van Rooyen en Willem Kieviet en toerleier Erns Grundling
Datum en tyd: Sa 29 Jun 08:00
Plek: Indigo Fruit Farming, R538 na Kruger Mpumalanga Internasionale-lughawe
Bus optelpunt: ATKV-Boeke-oase by NHS
Gradering: Volwassenes
Tydsduur: 300 minute
Prys: R252
Boerdery-toer geborg deur ClemenGold.

ClemenGold en ClemenGold Gin het die afgelope twee jaar ’n pad saam met die skrywer, joernalis en TV-aanbieder Erns Grundling gestap. Eers het Erns met ClemenGold se gin en vrugte gaan stap in Spanje vir die kykNET-reeks *Elders: Die Camino* (2018). In Oktober verlede jaar het hy ClemenGold Gin saamgeneem na Japan, vir die splinternuwe leefstylreeks *Elders: Japan*, wat kort ná Innibos op 4 Julie om 18:00 op kykNET begin. Erns het Japan besoek met die oog op die komende Rugbywêreldbeker en het ook twee pelgrimstogte daar gaan stap.
Nelspruit is natuurlik een van die tuistes van ClemenGold (SA se premium mandaryn) en Innibos-feesgangers kan uitsien na ’n interaktiewe plaasbesoek en natuurwandeling met megaboere Abraham van Rooyen en Willem Kieviet én skrywer Erns Grundling.
Kom leer meer oor produksiepraktyke, verskillende kultivars en die nuanses van vrugtebemarking. Erns deel op sy beurt insigte uit sy ervarings in Spanje en Japan en lees voor uit sy topverkoperboek, *Elders*. Hy gee ook vir gaste tydens die Boerdery-toer ’n eksklusiewe voorsmakie van sy komende boek *Sushi en shosholoza.*
Die kaartjie sluit in ’n verfrissende ClemenGold Gin-verrassing by die plaasdam en ’n boksie ClemenGold vrugte.
Kom in gemaklike stapskoene.

York Secret Waterfall Tour
Date and time: Fr 29 June 10:00
Bus pick up point: NG Westergloed, Koraalboom
Grading: Family
Duration: 300 minute
Price: R252

Explore the natural beauty of York plantations and waterfalls, combined with refreshments and good company. Hop onto a shuttle and discover our beautiful Sabie valley, just 45 minutes drive from Nelspruit, through evergreen mountain and forestry scenery. Ever wondered how pine trees are planted or how many years a plantation grows for? Your knowledgeable guide will provide you with interesting forestry facts and rich information that has been attracting a flow of tourists to the area for many years. York Timbers is a dynamic integrated forestry company that owns more than 93 000 ha of land, plywood and sawmilling plants.
On this unique tour you will visit the amazing Manyeleti private falls and Emerald water fall. Manyeleti waterfall is one of Sabie’s hidden gems which is not open to the public. As you will be walking short distances to the waterfalls, please wear comfortable shoes and don’t forget to bring a warm jacket. Bring your camera to capture all you memories and take time to enjoy the majesty of the falls.
Join us on this journey and we will ensure that your visit with us is safe, fun and memorable!

Hierdie program is onderhewig aan veranderinge.